Vakante pos:	Lektor Onderrig van huistaal (Afrikaans) en Engels as addisionele taal in Grondslagfase
Modules:	ONHT111; ENAT211; ENGL221 en PRAK121
Departement:	Grondslagfase
Sluitingsdatum:	11 November 2019
Aanstellingsdatum:	13 Januarie 2020
Verwysings:	GF/Lektor ONHT/2020

Aros is ’n Christelike privaat tersiêre instelling met sy kampus in Waverley te Pretoria. Aros bied reeds meer as ’n dekade reformatoriese opleiding op die gebied van die onderwys. Aros is in 2012 geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en geakkrediteer by die Raad op Hoër Onderwys. Die instelling beskik oor ’n personeelkorps van ongeveer 80, bied tans opleiding aan ongeveer 1 100 studente, en het oor die afgelope drie jaar reeds ongeveer 300 gegradueerdes afgelewer.

Met Aros se visie van ’n uitnemende Christelike universiteit wat gegrond is op die Bybel, die samelewing wil vernuwe tot eer van God, nooi ons hoogs gemotiveerde persone wat glo in Christelike onderwys en geroepe voel tot die taak, om vir die posisie van lektor aansoek te doen. Vir meer inligting oor Aros besoek gerus ons webwerf by http://www.aros.ac.za/Web

Die Onderrig van huistaal en onderrig van ‘n tweede taal modules is gerig op B.Ed. Grondslagfase en Diploma studente.

Kwalifikasie:

- Minimum: B.Ed. Honneurs
- Aanbeveel: M.Ed.

Werkservaring:

- Onderwyservaring van ten minste 5 jaar in die onderrig van Afrikaans as huistaal en Engels as Eerste Addisionele Taal in die Grondslagfase
- Vorige doseer ervaring sal voordelig wees

Ander vereistes

- Kandidate se leer en lewe moet getuienis bied dat dit volgens die Skrif is soos saamgevat in die Gereformeerde Belydenis.
- Vermoë om kwaliteit onderrig aan studente te gee
- Menseverhoudings en interpersoonlike vaardighede
- Administratiewe vaardighede

- Noukeurige en akkurate uitsette
- Goeie tydbestuur
- Moet optimaal kan funksioneer onder druk;
- Moet onafhanklik kan werk;
- Rekenaargeletterdheid in *MS-Office*, bogemiddeld in *PowerPoint*
- Rekenaargeletterdheid in 'n *Learning Management System (LMS)* sal voordelig wees

Uiteensetting van verpligtinge:

- Aanbieding van die volgende modules vir Grondslagfase studente:
  - ONHT111: Onderrig van Afrikaans as huistaal vir Graad R-leerders
  - ENAT211: Onderrig van Engels as 'n tweede taal vir Graad-R leerders
  - ENGL221: Engelse taalvaardighede – onderrig van Engels sodat studente met gemak in Engelse kan skoolhou.
  - PRAK121: Praktiese onderwys vir eerstejaarstudente en fokus op waarneming in die grondslagfase
- Modules mag gewysig word soos operasioneel vereis. Dosering van modules op Vrydagmiddag en aande en Saterdagoggende en middae soos per vooropgestelde rooster.
- Akademiese administrasie van take rakende module, insluitend opstel en merk van vraestelle en memorandums, die hou van punte en hantering van studente, leermateriaal en studiegids ontwikkeling.
- Begeleiding van studente en hantering van studente navrae.

Verpligtinge is nie beperk tot bovermelde nie.

Werksure:

Weke tydens kontaksessies:

- 19 ure toegedeel aan werk oor naweek (15 ure per naweek gemiddeld kontaksessie per naweek, en verder 4 ure vir erkenning van bykomende werk gelewer tydens die naweek = 19 ure)
- 21 ure toegedeel aan werk tydens week.
- Dinsdae – Donderdae moet personeel 7 ure per dag op kantoor wees tydens kern-ure wat tussen 09:00 en 15:00 is.

Tydens nie-kontaksessies:

- 35 ure per week moet personeel op kantoor wees tydens kern-ure (09:00 tot 15:00)

Vakansieverlof:

- 35 dae per jaar, sluit tydperk tussen Kersfees en Nuwejaar uit.

Aansoekprosedure:

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen en u CV in **Afrikaans** tesame met die "**Aansoek om 'n betrekking" vorm** e-pos na renate.murray@aros.ac.za.
Die vorm is beskikbaar op ons webtuiste http://www.aros.ac.za/index.php/poste-beskikbaar

- Ongelukkig aanvaar ons geen aansoeke sonder die "Aansoek om 'n betrekking" vorm nie.
- Indien u nie voor **30 November 2019** enige terugvoer van Aros ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.
- Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer, te maak nie.